

# St. Serafina van San Geminiano

## 12 Maart

(1238-1253)

Santa Fina (soos sy in die volksmond bekend staan) se kort aardse lewe het nog altyd mense se verbeelding aangegryp. Sy is sieklik en gebreklik gebore en het feitlik haar hele lewe op haar bedjie van eikehoutplanke deurgebring in die armoedige hut waar sy en haar gesin gewoon het. Hulle was brandarm en tog het sy altyd van die bietjie kos wat sy gehad het met ander gedeel wat nog meer behoeftig as sy was. Sy het haar pyn en siekbed, waarin sy hulpeloos gelê het, gebruik om 'n diep en intense liefdesverhouding met God aan te gaan. Mense het om haar voorbidding kom vra en talle wonderwerke het op haar voorspraak plaasgevind.

© Die Oratorium Uitgewery